

HOE WERK DIE NUWE DIESEL KONSESSIE?

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN

Tydens sy begrotingsrede van Maart 2001 het die Minister van Finansies, Trevor Manuel, aangekondig dat die dieselrabat weer heringestel gaan word vir primêre produksie nadat dit 'n tyd gelede afgeskaf is. Hierdie rabat is nou in die vorm van 'n konsessie aan boere beskikbaar en tree op 4 Julie in werking. Om die koste van 'n nuwe stelsel en die administratiewe las op kwalifiserende dieselgebruikers te beperk, is daar beluit om die huidige BTW-stelsel aan te pas vir die administrasie van hierdie konsessie.

Enige onderneming wat betrokke is by boerdery, mynbou, bosbou, kuswaartse verskeping, kommersiële visvang, afluandige mynbou, die Nasionale Seereddingsinstituut of spoorvervoer en wat kwalifiseer om vir BTW te registreer, kom in aanmerking vir die dieselkonsessie. Die eise van opland sektore (boerdery, mynbou en bosbou) sal met 20% verminder word om vir dié gedeelte voorsiening te maak wat nie vir primêre produksie gebruik word nie.

Registrasie

Ondernemers wat vir die konsessie kwalifiseer moet by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens registreer. Boerderye wat nie reeds vir BTW geregistreer is nie moet vir BTW sowel as die nuwe Dieselterugbetaling registreer. Bestaande ondernemers moet net vir laasgenoemde registreer. Aansoekvorms word reeds aan geregistreerde BTW-ondernemings uitgestuur. Aansoekvorms is ook by SAID-kantore beskikbaar en boere kan verder op die Internet by SAID se webtuiste registreer. Die adres is <http://www.sars.gov.za>. 'n Kennisgewing van registrasie sal daarna aan die boer gestuur word. Potensiële eisers word aangeraai om nie later as 1 Julie te registreer nie.

Konsessiebedrag

Elke sektor word toegelaat om 'n voorafbepaalde bedrag (sent per liter) van die dieseluitgawe te eis. Boerderye, mynbou en bosbou kan tans 42.1 sent per liter terug eis terwyl afluandige sektore 97.5 sent kan eis en spoorvervoer 16.5 sent.

Die konsessie geld ten opsigte van die brandstofheffing en die padongelukfonds. Die brandstofheffing is tans 81 sent per liter terwyl die padongelukfonds se bydrae 16.5 sent per liter is. Ingevolge die konsessie kan boerdery 31,6% van die heffing en 100% van die padongelukfonds terugeis. Dit beloop 25,6 sent vir die heffing en die volle 16.5 sent van die padongelukfonds. In totaal is die bedrag dus 42,1 sent per liter wat 'n boer nou in effek minder vir diesel gaan betaal wat vir produksiedoeleindes aangewend word.

Die minister is van mening dat 'n gedeelte van boerderydiesel wel op paaie aangewend word en beraam hierdie gedeelte op 20% van die totale dieseluitgawe. Die konsessie geld gevolglik net vir dié 80% van die dieseluitgawe wat op die plaas aangewend word. As 'n boer dus 10000 liter aankoop kwalifiseer slegs 80% daarvan (6000 liter) vir die konsessie. Die bedrag wat hy kan terugeis is dan 6000 x 42.1 sent en beloop R2,526.00.

Die BTW201-vorm waarop die tweemaandelikse of sesmaandelikse BTW van boere oorbetaal of teruggeëis word gaan aangepas word om voorsiening vir die dieselterugbetaling te maak. Boere sal hierdie bedrag saam met hulle BTW-terugbetalings ontvang of van BTW-oorbetalings kan aftrek.

Spesiale maatreëls

Eise ten opsigte van dieselterugbetalings sal tydens BTW-inspeksies geoudit en geverifieer word. Indien 'n boer 'n abnormale hoë eis indien kan hy 'n inspeksie verwag. Boere wie se belastingsake nie op datum is nie sal ook nie terugbetalings ontvang nie. Indien daar belastingaanslae is wat nie betaal is nie, sal die dieselterugbetaling daarteen aangewend word.

Die SAID het in beginsel goedgekeur dat boere wat hul eie produkte op die pad vervoer ook in aanmerking vir die terugbetaling sal kom. Dit beteken egter uitdruklik dat waar sulke produkte teen vergoeding vir 'n ander boer vervoer word, so 'n geval as 'n vervoerkontraakteur beskou sal word en gevolglik sal hierdie dieseluitgawe nie as primêre produksie aanvaar word nie.

Boere moet ook beseft dat die stelsel voortdurend gemonitor sal word en dat misbruik van die stelsel die gevaar inhou dat die toegewing afgeskaf kan word. Boere wat hulle aan wanpraktyke skuldig maak loop die gevaar dat hulle registrasie ten opsigte van die dieselterugbetalings gekanselleer kan word.

Daardie boere wat vir die dieselkonsessie kwalifiseer moet dus twee goed nou doen: eerstens moet hulle vir die terugbetaling registreer en tweedens moet hulle hulle inkomstebelastingopgawes en aanslae op datum kry. Daarna kan hulle 42,1 sent per liter op 80% van die dieselaankope saam met hulle BTW-opgawes terugeis.

BETHLEHEM
Mei 2001